

## Verheug jou in beproewings

Wie is die “vreemdelinge” aan wie Petrus hierdie brief rig? Waarom woon hulle wydverspreid in die provinsies van Klein-Asië? Dit is Christene wat weens die vervolging uit Jerusalem moes vlug (Hand 8:1; 11:19). Die vlug het hulle in allerlei beproewinge gedompel (vs 6). Hulle moes alles in Jerusalem prysgee wat oor baie jare opgebou was. In die vreemde moes hulle in ’n vyandige wêreld aanpas en alles in die stryd werp om ook geestelik te oorleef. Hulle het ’n vertroostende en bemoedigende brief van Petrus nodig gehad.

Was daar enige hoop en troos wat Petrus hulle kon bied? Volgens hierdie brief, geskryf onder inspirasie van die Heilige Gees, was daar onbeskryflike troos wat op die “uitverkorenes” gewag het. Petrus noem dit in kort die “saligheid” (vs 5, 9). Wat is hierdie saligheid? Dit is die “onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis in die hemel” (vs 4). Dit staan in skrilte kontras met wat hulle nou in die wêreld ervaar. Alles rondom hulle is verganklik, besmet en tydelik. Daar was geen hoop op uitkoms nie. Net ’n afwagting van die oordeel van God. Dit is in hierdie wêreld waar die egtheid van hulle geloof (soos met goud) beproef word (vs 7).

Maar wat moet ’n uitverkorene se lewenshouding wees in beproewing? Swaarkry en wanhoop laat tog merke op ’n mens. In sulke tye voel jy om soos Job op ’n ashoop te gaan sit; om klaagliedere te uiter soos Jeremia; of selfs om God te beskuldig soos Habakuk. Petrus skryf egter ’n lewensblye styl voor. “Verheug julle hieroor ...”, dit is ’n kort tydjie wat julle beproef word teenoor die ewige saligheid (vs 5-6). “Onuitspreeklike en heerlike blydschap” moet julle vervul omdat julle nou reeds deel in die saligheid (vs 8-9). Elke mens het sy eie unieke lewensuiting (styl) wat bepaal word deur jou visie, insigte en dit waarop jy vas vertrou. Paulus en Silas het lofliedere in ’n tronk gesing (Hand 16:25). Wat het hulle medegevangenes (wat na hulle geluister het) daaruit afgelei? Wat verraai my gedrag en lewensuiting? Dryf die saligheid my ook tot onuitspreeklike blydschap?

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds AS Heystek (Emeritus)